12-2023

onrusrivier.negester.co.za

# Negester Nuus

## Ons Koi Visse

Enige iemand wat 'n draai by die dam by die hek maak, sal ons wonderlike verskeidenheid Koi-visse oplet. 11 Koi-visse is 3 jaar gelede van 'n plaas in De Doorns na Negester toe verskuif.







Vandag het hulle al baie vermeerder en bring hulle groot vreugde vir ons hier in Negester. As U dalk die visse wil voer, neem asseblief kennis dat hulle slegs spesiale viskos mag eet wat gratis by die kantoor beskikbaar is.





# Rugbykoors

## Die opbou tot die eindstryd

Ons personeel het die Vrydag voor die eindstryd hul mooi springbok-ondersteuner-t-hemde aangetrek en vir ons almal gewys hoe om die volkslied in die eetsaal te sing. Dankie aan die persoon wat hierdie hemde geborg het.




## Maak reg

Baie voorbereidingswerk het ingegaan om die Bistro reg te kry vir die eindstryd.




# Rugbykoors

## Groete van Parys

André en Livia Wright, die eienaars van Negestersingel 18 was gelukkig genoeg om in Parys te wees vir die Rugby Wêreldbeker-eindstryd.
Die ikoniese Eiffel-toring in Parys verlig met die Suid-Afrikaanse kleure





## Gereed vir die Aksie

Die bistro was stampvol met 30 inwoners en hul besoekers vir die belangrike afskop op 28 Oktober.





# Rugbykoors

## Soet Sukses

Na 'n senutergende eindstryd het die Springbokke Nieu-Seeland suksesvol geklop om die 4de keer as rugbywêreldkampioene gekroon te word.



# Rugbykoors



Sprinkbok-kaptein, Siya Kholisi, vier saam met sy familie ná hul geskiedkundige oorwinning





*And then the big bad Bok ate all of them! The end.*



# Gemeenskap

## Die finale produk

In ons laaste nuusbrief het ons die pragtige muurskildery, wat deur Juanita van Tonder gedoen is om die binnehof op te knap, genoem. Hier is 'n paar foto's van die finale produk, insluitend die nuwe kleurvolle tuintjie, om by dit te pas. So pragtig, ons is so dankbaar!









# Wyn proe

Bouchard Finlayson het 'n wynproe saam met inwoners in die Bistro kom doen voor middagete op die 13de Oktober. Tannie Dirkie Loedolff (90) was in beheer van die trekking van nommers vir die wenner van die hamperprys. Paul Shapland was die gelukkige wenner wat huis toe gegaan het met 'n mandjie vol Bouchard Finlayson lekkernye.









# Vieringe met Feedem

Die Feedem-span het die afgelope tyd uitstekende spyseniering verskaf  in die Bistro.








# Jaareindfunksie

Dankie aan diegene wat gereageer het vir ons komende geleentheid. Kaartjies is amptelik uitverkoop. Hier is weer die besonderhede vir diegene wat by ons aansluit.



# Jaareindfunksie



MENU

Marinated Chicken Thigh kebabs
Lamb on the spit served with mint jelly
Ciabatta "braaibroodjies" with red onion, mature cheddar cheese & apricot chutney
Roasted baby onion and potatoes
Curried noodle salad
Garden green salad with honey roasted butternut, toasted pumpkin seeds, Danish feta and garlic croutons with basil aioli

DESSERT

Bite size chocolate brownie with salted caramel
Fresh fruit skewers with toasted almonds and fynbos honey

# Honde terapie



Het jy geweet dat honde, as besoekers, welkom is in die sorgsentrum? Hondeterapie is 'n tegniek wat wêreldwyd gebruik word om mense se behoefte aan kontak met dierte te bevredig.

Honde wat bejaardes besoek het 'n beduidende positiewe uitwerking op hulle bui en kan depressie merkwaardig verminder. Dit is ook 'n wonderlike hulpmiddel vir die verbetering van bewegingsvermoë, kommunikasievermoë, vermindering in verveling en veroorsaak dikwels 'n positiewe uitkyk op die lewe van die mense wat deel neem.

Wil U die voordele vir U self sien? Probeer om een van ons vriendelike dienshonde met hul volgende besoek aan Negester te troetel en hallo te sê. As jy nie 'n dieremens is nie, is dit doodreg. Niemand sal gedwing word om deel te neem nie, ons vra net dat U asseblief mede inwoners wat belangstel in die geleentheid die kans gee om die ervaring te geniet.

Ons is ook bedagsaam oor die feit dat sommige inwoners van Negester gebruik maak van dienshonde of gidshonde wat oral saam met hulle beweeg en reis om hulle by te staan en veilig te hou. Hierdie gidshonde bied 'n noodsaaklike diens, veral vir gesiggestremdes. Ons doen 'n beroep op alle inwoners om asseblief respekvol te wees en hulle die ruimte te gee om hul werk in vrede te doen.





# Gedenkdag



EER DIE GEVALLENES OP HERINNERINGSDAG -
Dankie vir jou opoffering

"Die jaarlikse Herinneringdagdiens en parade is Sondagoggend, 12 November 2023, in Hermanus gehou waar oorlogsveterane, dienende personeel, vriende en familie by die Senotaaf Oorlogsgedenkteken by die Ou Hawe bymekaargekom het om hulde te bring aan die lede van ons gewapende magte wat in die uitvoering van diens gesterf het.

Die Senotaaf Oorlogsgedenkteken is in 1929 gebou om die 11 vrywilligers van Hermanus te gedenk wat nooit na die 1ste Wêreldoorlog teruggekeer het nie. Dit is interessant om daarop te let dat Hermanus tydens die Eerste Wêreldoorlog die hoogste vlak van vrywilligerswerk per bevolkingsgrootte in die Britse Ryk gehad het.

Sonder versuim het die geluide van die bees van die plaaslike Hawston-gebaseerde, T.S Birkenhead Sea Cadets, wat die Last Post gespeel het, die Kleure stadig tot halfmas laat sak, die twee minute stilte wat ter ere gehandhaaf is en die plegtige lê van talle kranse, gebring. 'n traan in die oog van menige toeskouer wat aan hierdie heilige ritueel deelneem.

Peter Dickens, Old Bill van die plaaslike M.O.T.H Seagull Shellhole en Erepresident van die Suid-Afrikaanse Legioen, VK en Europa-tak, het tydens die toespraak aan die aanwesiges gesê Herdenkingsdag, ook bekend as Papawerdag, herdenk die wapenstilstandsooreenkoms wat die Eerste Wêreldoorlog beëindig het. op die elfde uur van die elfde dag van die elfde maand in 1918 - 11 /11/11.

Hy het verduidelik dat Remembrance Sunday nie net 'n Britse ding is nie, maar in werklikheid baie 'n Suid-Afrikaanse ding aangesien baie komponente van Remembrance Sunday in Suid-Afrika gebore is.

# Gedenkdag

Die twee minute stilte wat nou wêreldwyd by baie geleenthede en geleenthede ter herinnering gehou word, het in 1918 in Kaapstad ontstaan toe sir Harry Hands, die burgemeester van Kaapstad, 'n stilte van twee minute begin het nadat die middaggeweer afgevuur is vir besinning oor die Suid-Afrikaanse mans wat aan die oorlogsfront dien. Een minuut was om die gevalle te onthou en een minuut om na te dink oor daardie lewende mans en vroue in uniform wat in die loopgrawe veg vir die saak van vryheid.

Hy het verder verduidelik dat sir Percy Fitzpatrick, die bekende skrywer van Jock of the Bushveld, 'n seun verloor het en so ontroer was deur die stilte dat hy aan koning George V, die koning van Engeland voorgestel het dat dit universeel aangeneem word op die 1ste Wapenstilstandsdag-herdenkingsparade. Met dank aan sir Percy vir sy voorstel, het die koning besluit dat 'n stilte van twee minute na die laaste pos gespeel sal word, en dit sal wêreldwyd waargeneem word op die 11de dag van die 11de maand op die 11de uur regoor die wêreld - die dag en tyd dat die 1ste Wêreldoorlog amptelik geëindig het.

Nie net het die 2 minute se stilte in Kaapstad ontstaan nie. Die tradisie om rooi papawers te dra ter herdenking van wapenstilstandsdag het net hier in die Wes-Kaap begin toe by 'n eerste vergadering in 1921 in Kaapstad van wat nou die Royal Commonwealth Ex-Services League, die Royal British Legion, die South African Legion, die Australiese en Nieu-Seelandse voormalige dienste-ligas en die Royal Canadian Legion het almal onder 'n enkele vaandel saamgekom. Begin deur veldmaarskalk Haig en die Royal British Legion, is besluit dat die 'Haig Fund' rooi papawer in al die militêre veteraanverenigings wat met die gemenebes geassosieer word, aangeneem sal word as sy amptelike simbool van herinnering en vrede."

Uitgereik deur:
Overstrand Munisipale Bestuurder, Dean O'Neill



# Geniet die sonskyn

Inwoners en die versorgingspersoneel geniet die somerweer buite



# Sekuriteitsopgradering

Negester verander die maand na 'n nuwe sekuriteitsmaatskappy - As een van die mees gerespekteerde sekuriteitsmaatskappye in die streek is hulle bekend vir hul uitstekende diens en die hoë vlak van interne opleiding en kommunikasievaardighede van hul wagte . Ons sien uit daarna om saam te werk.

SERAPHIM
INTERNATIONAL

"SERAPHIM SECURITY INTERNATIONAL
Seraphim Security Officers are highly regarded for their professionalism. We provide security services for corporations, private sector, residential estates, and events.
Our personnel are highly competent and dedicated officers. Their expertise ranges from basic security functions to crisis management and emergency response.

Our services include the following:
- K-9 Patrol dog units
- Armed Response
- 24/7 Alarm and CCTV Monitoring
- Technical Solutions, (Alarms, CCTV, Electric Fence etc.)
- Static Security (Corporate, Retail, Residential, Rural, Renewable Energy, Agriculture etc.

Our mission is to provide a tailor-made service of the highest standard to existing and prospective clients through the provision of properly managed, motivated, and equipped staff. We strive to provide all services by being honest, have integrity and instil trust.

# Sekuriteitsopgradering

SECURITY OFFICERS

- Carefully selected and screened before commencing
- Fully trained in emergency procedures (fire, first aid and evacuation)
- Good communication skills
- Access and Egress control proficient
- The Security Officers will be in possession of all relevant site equipment

TRAINING

- Emphasis will be placed on: Physical Profile & Presentation
- Criminal Procedure Act _51 of 1977 as amended
- Awareness skills
- All relevant security equipment training
- Radio communication
- Use of non-lethal weapons
- Arresting techniques
- Counter surveillance training



# Opwip koffiewinkel

Die Bistro het sy eerste Opwip koffiewinkel gehou om fondse in te samel vir die verfraaiïng van die Bistro. Die koeke en happies te koop was heerlik en daar was baie inwoners en gaste wie kom ondersteun het. Ons kan nie wag vir die volgende een nie!



# Totsiens 2023



Ons NSC-span het die kans gekry om die einde van die jaar te vier by 'n heerlike middagete by. Quayside Cabin . So lekker om te sien hulle geniet hulself. Ons is so dankbaar vir al die werk wat hulle vir ons gemeenskap doen!



Ek wens elke inwoner van Negester 'n gelukkige Kersfees toe. Mag almal net vreugde ondervind en 'n vredevolle en gelukkige Kersfees geniet. Ek vertrou dat 2024 vir ieder en elk 'n voorspoedige en met goeie gesondheid jaar sal wees. Laat ons streef dat Negester 'n tuiste vir almal sal wees met egte vriendskappe.

Johan Koekemoer, Negester Trustees Voorsitter